


Muskiet



GRATIS

Amtelike feeskoerant

Woensdag 27 Junie 2018



WHAT'S
your NEXT?

BANK
LEEN
SPAR
VERDIEN
VERSEKER



VASVRAE
Hoe goed ken
jy Innibos?

3



SPELETJIE
Raai wie is die
kunstenaars

4



VINNIGE FEITE
Statistiek wat
saak maak

10



TOP-SJEF
Verrassings in
een aand


11

Hou die glase vol want dis hoe ons rol by Innibos!

Van SA se beste Afrikaanse
kunstenaars sit vanaand om 18:00
die feesbal by die *Huisgenoot*
Afskopkoncert aan die rol.

Maak seker jy kry vroeg jou sit voor
die Standard Bank-verhoog op die
feesterrein en neem daardie ekstra
baadjie saam, want jy wil nie een noot
van die vertoning misloop nie!


Of jy nou wil verkyk aan mooi
gesiggies, saam wil sing met bekende
treffers, of op country-klanke
wil skoffel, die program het 'n ietsie vir
elkeen. Lees meer op bl. 3



Merkwaardig! Riana Nel het haar verskyning in 'n produksie in 2004 se Innibos gemaak. Sy is vanaand by die *Huisgenoot* Afskopkoncert saam met Dewald Wasserfall, Adam, Bobby van Jaarsveld, Juanita du Plessis en Die Campbells te sien.

VAN TOEKA TOT NOU

Innibos vier vanaand sy
15de verjaarsdag.
Muskiet skryf oor die
storie agter elke tema.



SPRING OP,
Spring af
MET

SPAR





Stop & Hop en Bossewaens sorg dat jy veilig en gerieflik aankom

Vanselfsprekend dra die magdom mense by tot stadige verkeersvloei, en feesgangers word aangemoedig om van die gratis Stop & Hop-pendeldiens gebruik te maak.

Die diens is oudergewoonte vanaf i'langa-winkelsentrum beskikbaar om feesgangers gratis en sonder moeite en parkeerprobleme na en van die feesterrein by Hoërskool Bergylam te vervoer. Feesgangers kan gratis by die winkelsentrum parkeer.

Daar is elke 30 minute 'n bus beskikbaar wat na die feesterrein vertrek en ook van die feesterrein terug na die winkelsentrum.

Saans ná die Standard Bank-verhoogkonsert is daar verskeie busse by die feesterrein beskikbaar sodat niemand te lank hoof te wag nie.

Volg die duidelike aanwysings by i'langa-winkelsentrum en die feesterrein na die gerieflike pendeldiens.


Die TRAC N4-Bossewa-busses is ook weer beskikbaar om feesgangers van die feesterrein na die onderskeie venues te neem waar produksies aangebied word.

Die kaartjies kos slegs R10 per rit. Bossewa-plein, van waar die busses vertrek, is binne die feesterrein geleë.

Vroegoggend, voor die feesterrein se hekke om 10:00 oopmaak, is daar egter 'n oplaapunt buite hek 1 vir diegene wat die eerste vertonings van die dag wil bywoon.

Die Bossewaens vertrek 30 minute voor die begin van 'n vertoning vanaf die Bossewa-plein na die venue en is sowat 20 minute ná 'n vertoning weer daar om mense terug te neem na die feesterrein toe.

Let egter daarop dat die Bossewaens nie na Suikerbossie-teetuyn op die Barbertonpad, Ingwenyama Lodge en Casterbridge Leefstylsentrum in Witrivier en die Sudwala-grotte ry nie. Die Bossewa-kitsnommer is 082-321-5443.



Die diens is die beste manier om te verseker dat jy betyds by 'n produksie opdaag



Wat sê die weerman?

Hy reken dat vandag 'n sonnige dag, met 'n minimum temperatuur van 9°C en 'n maksimum van 25°C gaan wees. Wees gewaarsku! Jy mag dalk deur die dag vrek van die hitte, maar moet nie die koue briesie onderskat nie. 'n Matige windjie gaan in 'n noord-westelike rigting waai.

SPLAT COMPANY
INDOOR PLAY CENTRE & RESTAURANT
MAKE USE OF OUR
DROP & GO
children 3 - 10 years
MAX 3HRS & JOIN our
Holiday PROGRAM
THIS JUNE / JULY
Any Enquiries:
Ricky: 076 942 0502
Tel: 013 752 2165
e-mail: info@thesplat.co.za

Chimp Eden **10% DISCOUNT**
If you present this ad
the Jane Goodall Institute SA

Guided Tours: 079-777-1514
Tour times: 10:00 | 12:00 | 14:00
Adopt a chimp • Curio Shop • We are weather dependant
tours@chimpeden.com | info@janegoodall.co.za

Nelspruit's favourite family tea garden
Milk & Honey TEA GARDEN @ Montana Garden Pavilion
WINNER OF Best of Mbombela READERS' CHOICE AWARDS 2016/17
Debbie 071-068-4860 | OPEN 7 DAYS A WEEK
Kaapschehoop Rd, Nelspruit | Monday - Saturday: 8:30 - 16:00
Sundays / Public Holidays 8:30 - 14:30



Innibos se kos gaan feesgangers laat smul

By Innibos word daar feesgevier met van die kunste tot lekker kos. Vanjaar is daar verskeie nuwe kosstalletjies - en 'n paar ou vertroudes - op die feesterrein se kuieveld en in die Bosmôl.

Kobus Lategan van Kobus se Gat is landwyd bekend by al die kunstefeste. Hy reis al die pad van Oudtshoorn met sy enorme vragmotor en talle werkers en maak onder meer van die lekkerste roosterkoekie met tuisgemaakte konfyt, as't ware sy handelsmerk, en afval vir diegene wat nie wegskram daarvan nie.

Volgens Alison Linde, bestuurder van die uitstallers van Innibos, is Lategan reeds van die eerste Innibos 15 jaar gelede elke jaar op sy pos en 'n gunsteling onder die feesgangers.

'n Ander uitsteller wat ook nog nie een Innibos misgeloop het nie, is tannie Annatjie Breedt, op 81 jaar oud ook die oudste uitsteller. Haar tradisionele tuisgebakte soetkoekies verkoop soos, wel, soetkoek.

Hezron Louw en Andrew Leeuw kom met hul straatkostrokkie Sumting Fresh van Gauteng. Sumting Fresh is deur Britse *The Guardian*-koerant as een van die 10 beste straatkosverskaffers wêreldwyd aangewys, en hul verskeidenheid geregte word alles met die varsste bestanddele moontlik voorberei. Moenie verbaas wees as die bedieners en die sjef lostrek en begin sing nie, want so word jy vermaak terwyl jy vir jou bestelling wag.

The Brohemian spesialiseer op sy beurt weer in vars pizzas wat in die doelgeboude vragmotor met 'n pizza-oond gemaak word. Slegs vars en sover moontlik organiese produktes word gebruik op dié gourmet-pizzas. As jy van iets meer gevuldhou, sal Quintus Bezuidenhout se lamsbredie beslis wegdoen met die hol kolletjie op jou maag.



Nog 'n nuutjie op die feesspyskaart is die Japanese pannekoek. Vergeet van 'n tradisionele plat pannekoek: dit is soufflé-agtig en lekker dik. Die Japanese woord daarvoor is eweneens 'n mondvol - *okonomiyaki*.

Altesaam 76 nuwe uitstallers is vanjaar in die Bosmôl. Volgens Linde kom talle van sover as die Wes-Kaap om deel van Innibos te wees.

"Ek is regtig opgewonde oor die verskeidenheid en die gehalte van die produktes en glo feesgangers sal iets vir elke smaak en gier vind."

"Ons skep 'n regte karnavalatmosfeer en dit gaan 'n behoorlike ontploffing van kleure wees. Feesgangers moet sommer lank en lekker kom kuier," sê sy.



Petticoatlaan.

Sit die bal aan die rol met Huisgenoot

Retha Nel

Jy kan uitsien na die meesleurende en inspirerende musiek van Dewald Wasserfall en die sielvolle lirieke en fluweelstem van Riana Nel.

Bobby van Jaarsveld gaan weer eens die gehoor laat saamsing en hulle bekooi met sy eerlike verhoogpersoonlikheid, en die aantreklike trio van Adam sal beslis 'n paar harte vinniger laat klop.

Dit sal jou kans wees om jou ander helfte nader te hark vir 'n sokkie wanneer Juanita du Plessis en Die Campbells aan

die beurt kom. As jy eerder nie jou twee linkervoete ten toon wil stel nie, sal jy kan saamsing met dekades se country en talle goue oues.

Daar is altyd 'n paar verrassings deur die loop van die aand, so maak seker jy bly tot die "gordyn" sak.

As jy die *Huisgenoot* Afskopkonsert geniet, maar seker jy maak weer so. Daar is elke aand vanaf 18:00 'n produksie propvol kunstenaars wat alles van pop en rock tot alternatief dek.



Hoe goed ken jy Suid-Afrika se gunstelingfees? Kom ons kyk...

- Wat is vanjaar se Innibos-tema?



- Wanneer het die eerste Innibos-optog plaasgevind?

- Hoeveel toekennings het dié fees al by die Fiëstas ontvang?
- Wie speel die hoofrolle in *Soebastfontein*?
- 'n Oud-Laevelder speel een van die rolle in die produksie, *Uit die Bloute*. Wie is dit?
- Wat is die kontantprys vir die Huletts Koeksister-kampioen vir 2018?
- Wie is die lid van die uitvoerende komitee van Mpumalanga?
- Wie word vanjaar vir sy bydrae tot die Suid-Afrikaanse vermaakklikheidsbedryf vereer?
- Wie is deel van Laevelder se Pen in my Hand-gesprek Saterdag by Casterbridge?



- Wanneer is Woza Albert vir die eerste keer opgevoer?

- Wat is die produksie, wat op i'langa Mall se ysskaatsbaan gehou word se naam?
- Hoe lank is Kevin Leo, Danie Niehaus en Mathys Roets saam in die musiekbedryf?
- Die hoeveelste Nasionale Innibos Kunskompetisie het vanjaar by die fees plaasgevind?



- Schalk Bezuidenhout is ook beter bekend as? (noemnaam)



- Waar word die jaarlike Innibos-ghofldag gehou?

Sien antwoorde op bladsy 11.

DIS HOE ONS

EER





BU
CO

WARE • BUILDWARE

013-753-5300 | WWW.BUCO.CO.ZA
OU PRETORIAWEG 4, NELSPRUIT


LET'S BUILD TOGETHER

TOOLS
CONTRACTORS
DECOR
HARDWARE
PAINT
OUTDOOR
PLUMBING
ELECTRICAL
TRUSSES




Hoe goed ken jy jou kunstenaars?

Hoeveel van hierdie bekendes kan jy uitken?
 As jy al 13 van hierdie kunstenaars kan eien, is jy 'n volwaardige, volbloed Afrikaanse feesganger.



Discover the *perfect* you

CS NAIL STUDIO
013-741-2147
Book today
nailstudios@gmail.com / cs-nail-studio.business.site
Shop 50, Building 6, Sonpark Boulevard, Annecke St, Nelspruit
Distributor of Akzentz / Stockists of Nimue, Fellerina & Crescina



Vroue kry inspirasie om stroomop te wees

Saterdag gaan die *Stroomop*-span Innibos nie fleus en kleur gee. 'n Spesiale geleentheid word vir al die vroulike feesgangers op die feesterrein aangebied. Alle vroue word uitgenooi om die unieke volheid en uitdagings van vrouwees saam met die aanbieders te vier.

"Ons droom is om alle vroue in Suid-Afrika te inspireer en saam met hulle die uitdagings en avonture van vrouwees te vier en Innibos is 'n heerlike afskopfees," sê die skrywers en vervaardigers van *Stroomop*, Ivan Botha en Donnalee Roberts.

Die rolprent word Vrouwendag 9 Augustus landswyd in fliketeaters vrygestel. Ons ontmoet vyf unieke vroue wat almal besig is om in hulle eie realiteit te verdrink. In 'n desperate poging om genesing te vind, bevind hulle hulself op die Oranjervier. Die vaart is as avontuurterapie deur 'n

selfhelpgroep voorgeskryf. Tydens die avontuur lei wrywing tussen die vroue, wat elkeen met haar eie verskuilde en selfsugtige redes op die reis gekom het, tot 'n ongeluk. In 'n spanningsvolle oomblik word die gids en die vroue van die roeiboot afgegooi en in die stroom rondgemaal. Die gids spoel weg en die vroue word aan hulself oorgelaat om in die genadelose wildernis te oorleef.

Dit vertel 'n verhaal van lewe en dood, vriendskap, selfontdekking, vergifnis en genesing.

Innibos se *Stroomop* Inspirasie-aanbieding fokus op die oorhoofse temas van die film, naamlik: selfontdekking, vergifnis, aanvaarding en genesing. Dit het ten doel om vroue te inspireer om stroomop te swem, teen die wêreld se onrealistiese verwagtinge in en om die avontuur van vrouwees elke dag te geniet.



Donnalee Roberts.



Ivan Botha.

Dit beloof om 'n betekenisvolle geleentheid te wees waartydens bekende persoonlikhede hulle harte met vroue deel in intieme gesprekke en bekoorlike sang.

Roberts sal as hoofspreker optree met hartstories wat vroue sal inspireer om anders na hulself en vrouwees te kyk.

Simoné Nortmann is die spesiale gasspreker van die geleentheid en deel oor haar eie vrouwees. Die geleentheid word verder ingekleur deur twee juweelstemme wat tot die siel van elke vrou teenwoordig sal spreek: Lizandra Winter en Kate Rok.

Die span maak darem ook voorsiening vir iets sag op die oog met Botha wat as gasheer van die dag optree en saam 'n glasies sjampanje op vroue klink.

Uitstallers, onder ander Sarie-winkel en Roberts se "pop-up shop" met haar nuwe reeks The Romantic Collective wat haar eie


ontwerpe en ingevoerde klerkereeks insluit, sal ook deel van die dag vorm. Daar sal ook 'n uitstalling van die *Stroomop*-roman wees.

Die bekendes sal na die tyd beskikbaar wees vir 'n lekker saamkuier en ontmoeet-en-groetsessie. Elke gas sal ook 'n waardevolle geskenkpakkie huis toe neem.

Heerlike kolwyntjies en vonkelwyn word bedien. Hierdie betekenisvolle oggend word om 11:00 Saterdag 30 Junie by Bateleur Landgoed in Mbombela aangebied. Die koste per kaartjie beloop R152 per persoon en is aanlyn beskikbaar by Computicket.



Kate Rok.



Simoné Nortmann.

Hierdie drie susters bevind hulle in 'n taai stryd op pad na Thailand

3 Sisters is een van die vier debuutproduksies wat by Innibos op die planke speel.

Nicole Holm, Margit Meyer-Rödenbeck en Lizz Meiring vertolk die rol van drie susses, Christine, Anel en Bianca.

Dis Christine se 50ste verjaardag en 'n reis na Thailand is die tweeling se geskenk aan haar. Maar hulle vlug word vertraag.

Hoekom moet Anel en Bianca altyd inmeng? 'n Bord sushi sou net so goed gewees het. Sy weet hulle is familie, maar hulle weet ook sy's bang vir vlieg.

Terwyl die susters die tyd verwyd met kaarte, boeke, cappuccinos en vlymskerp tonge, word lewenskeuses uitmekaar getrek en ou koeie opgegrawe. Want hier sit hulle nou. Die vlug is vertraag en sy's hoog op kalmeerpille.

Bianca is vas oortuig sy't hulle verlore ma gesien. Anel praat met 'n aantreklike man. Christine maak haar oë toe. Sy droom van stilte. Absolute stilte. Sy wens partykeer haar man en seuns wil net verdwyn. Sy mag dit nie dink nie, maar... Sê nou maar, sê nou maar Thailand is die antwoord.

Sal hulle ooit daar uitkom? Of is almal net te vlugvoos? Kom reis saam met drie susters deur die slaggate en mynvelde van verhoudings, vrou- en mawees.

3 Sisters se teks is deur Louis Pretorius van Boekklub-faam geskryf. Tara Notcutt behartig die regie.

Die ander drie debuutproduksies by



Lizz Meiring as Christine, Margit Meyer-Rödenbeck as Anel and Nicole Holm as Bianca. Foto: Robert Hamblin

vanjaar se fees is *Soebatsfontein* met Sandra Prinsloo en Franci Swanepoel in 'n drama oor twee vriendinne op 'n padreis; *Kleekamer Blues* met onder ander De Klerk Oelofse en Wessel Pretorius en Marthinus Basson as regisseur, en die komedie *Antie Pohl* wat handel oor die anti-pole wat mekaar aantrek. Sorina Erasmus en Cobus Venter speel daarin.

Venue: Laerskool Laeveld
Datum en tyd: Wo 27 Junie 15:00, Do 28 Junie 09:00, Vr 29 Junie 19:00, Sa 30 Junie 14:00
Kaartjies is beskikbaar by Computicket.

VAN HEERDEN Family Pharmacy Familie Aptiek
ONAFHANKLIKE APTEEK NETWERK
script savers

	A Vogel Echinaforce 50ml 110 ⁰⁰
	Revite Magnesium Slow Release Tabs 100 80 ⁰⁰
	Tibb Septogard Tabs 60's 105 ⁰⁰
	Letibalm Repair 10ml 55 ⁰⁰
	Letibalm Repair Balm Jar 55 ⁰⁰
	Iliadin Metered NSpray 0.05% 10ml 80 ⁰⁰
	Kolorex Digestive Care Tabs 30's 225 ⁰⁰
	Airmune Ftabs 10's 62 ⁰⁰
	Linctagon C Orange EFF12's 69 ⁰⁰
	Strepsils Coolmint Loz 16's 58 ⁰⁰

JOU winter keuse WEN R10 000 Weekliks

	Entiro Caps 30's 125 ⁰⁰
	Oscillococcinum Vials 6's 116 ⁰⁰
	Tibb Winter Flu Pack 209 ⁰⁰
	Mybulen Tabs 30's 70 ⁰⁰
	Colchicine DS Aspen 1mg 6's 30 ⁰⁰
	Lessmusec Caps 30's 40 ⁰⁰
	ACC 200 Effervescent 25's 79 ⁰⁰
	Corenza C Eff 10's 63 ⁰⁰
	Advil CS Cold and Sinus Tabs 20's 68 ⁰⁰

Trotse Borg van innibOS laeveld nasionale kunstfees

NELSPRUIT (Sonpark)
- 013 741 1103/4

NELSPRUIT (Westend)
- 013 745 7160

SABIE
- 013 764 1268/9



'n Rondomtalespel van twee anti-pole

Paul Boekkooi

Antie Pohl, deur Barry van Rensburg
Met: Sorina Erasmus, Cobus Venter
Regie: Neels Clasen

Barry van Rensburg wat vanaf sy debuutverhoogstuk van 2012, *Annale van 'n Windgat*, skynbaar en heel begryplik rooimierplae moet verduur wanneer hy nie skryf nie, het 'n buitengewone konsep beet met sy jongste komedie, *Antie Pohl*.

Al sy stukke tot op datum was heilsame antidote teen voorspelbaarheid. Elke stuk het ook brokke mensekennis bevat wat as 'n korrektief teen - gaap en nogmaals 'n gaap - voorspelbare, geykte mensetipes beskou kan word.

Natuurlik is dit 'n heerlikheid om die seldsame ervaring te kan hê om 'n briljant geskrewe komedie te sien waaraan nog 'n element of twee toegevoeg word wat dit voortrefflik maak: Plus 'n knap, wakker regisseur wat sy akteurs as individue inspireer, maar hulle as 'n ensemble selfs tot só 'n eenheid saamsnoer, dat die bykans onmoontlike aan't gebeur is.

Kyk na Van Rensburg se jongste se titel, die spelling daarvan en die Engelse beskrywing van die "agony aunt" wat maandeliks of soms selfs weekliks mense se geheime lewens op 'n skinkbord uitstal, dit analiseer en aan die hele wêreld haar raad aan't uitbasuun is.

Die dramaturg het in sy lewe as predikant waarskynlik baie te doen gekry met paartjies wat as teenpole van mekaar hul huwelik moes deel. Verander jy, of pas jy jouself bloot daarby aan om meer soos jou huweliksmaat te wil word? Wat as die beste bedoelings nie uitwerk nie? Gee jy tou op?

In talle tonele wat deur byna 'n totaal van 'n paar dosyn verskillende karakters besaai word, speel Sorina Erasmus van *7de Laan*-faam die titelrol wat sentraal aan die uitbouing van die komedie is. Sy is die aartskonserwatiewe dame wat al die aandag geniet van mense wat meekaar aantrek en afstoot rondom selfs soms vermeende bipolare gemoedsteurnisse.

Gelukkig word totaal nikks hier ooit so ernstig as wat 'n mens sou kon vermoed het nie. Dit word 'n rondomtalespel van mense wat skaars bymekaar hoort, maar tog voortleef met al die pro- en kontra-elemente wat hul lewensmaats na vore bring.



Antie Pohl se man wat ons nooit sien nie, maar wel hoor, se naam is Arnoldus. Hy geniet dit terdeé om sy vrou van stuitige raad te bedien - veral die soort wat haar laat bloos. Cobus Venter speel daardie rol en die talle ander met fyn waarnemings ten opsigte van gesig- en liggaamsespel en skep elke keer ook 'n totaal afgeronde psigiese persoonlikheid en teenwoordigheid.

Antie Pohl speel teen 'n soms rasende tempo soos wat Erasmus en Venter van die een na die ander paartjie moet verklee. Dit is 'n stuk wat ook energie op 'n veel hoër vlak plaas as selfs die deursnee klug. Neels Clasen, die regisseur ontsluit dit alles van sy twee spelers met sy leiding wat van groot kundigheid en ervaring spreek.

Teen die einde is daar een toneel wat uitermate ernstig is, maar dan ook só aangrypend geskryf en met perfekte pouses, infleksies en emosioneel so lewenseg daargestel is, dat dit jou emosioneel dreineer. 'n Mens kan dit eintlik ook nie genoeg benadruk nie, hoe outentiek dié aangrypende dialoog vol kwellings die kyker se binnest sal raak nie.

Antie Pohl is Van Rensburg se meesterstuk, maar 'n mens twyfel nie daaraan dat hy die potensiaal besit om nog 'n paar van hulle hierby te voeg nie. Bravo!

- Vandag 27 Junie om 10:00, Donderdag 28 Junie om 18:00, Vrydag 29 Junie om 09:00 en Saterdag 30 Junie om 13:00 by Bergland Laerskool. Tydsduur: 70 minute. Prys: R142.

Van Janneman tot Soebatsfontein druk Franci haar stempel af

Paul Boekkooi

PRIKKELAAR: TV- en sepiefanatici kén die aktrise Franci Swanepoel deur en deur en waarskynlik bowenal vir haar rol as Toeks in *Binnelanders*. Vir Innibos 2018 is sy gevra om teenoor Sandra Prinsloo op te tree in die aangrypende debuutproduksie van Annemarie van der Walt se skrywersdebuut as dramaturg: *Soebatsfontein*. Paul Boekkooi het Franci wyd oor haar rol in talle verhoog- en TV-verwante aspekte uitgevra.

Kom ons draai die klok ter wille van konteks so byna 11 jaar terug. Dit was *Binnelanders* wat die volk laat *buzz* het - askies, gons vir die taalpuriste. Martjie Roos, TV-skrywer extraordinaire (dis nou Frans) publiseer die volgende in *Tydskrif-Rapport* van 11 November 2007:

"Die koeël is deur die kerk: Kitte en Toeks, een van TV se gewildste paartjies, gaan trou.

"Wel, dis nou natuurlik te sê as Kitte, 'n geswore oujongkêrel, nie gaan staan en koue voete kry nie.

"Ai, die Toeks kan maar lekker op Kitte se kop sit, meen Franci Swanepoel, wat die rol van Toeks in M-Net se eerste Afrikaanse dramareeks *Binnelanders* so lekker vertolk.

"Ja-nee, die arme man kry soms maar swaar en hy kan soms tog so bang wees vir vroue, lag Jürgen Hellberg wat Kitte se skoene vierkant volstaan.

"Of die tweetjies uiteindelik tot trou gaan kom, sal kykers maar moet sien." En soos daar maar altyd aljimmers gesê word: Die res is geskiedenis...

Franci se TV-loopbaan het weliswaar merendeels by my verbygegaan, maar as verhoogaktrise het sy in elke stuk haar merk gelaat - en veral so in die speelvakke van *Janneman* deur die Ierse dramaturg Elaine Murphy, in Afrikaans vertaal deur Hennie van Greunen. Hy het, benewens die regie daarvan, ook die stuk van 'n Suid-Afrikaanse konteks voorsien. *Janneman* was een van die teaterhoogtepunte van 2011 se Innibos.

In *Soebatsfontein*, 'n tweevroustuk, speel sy weer teenoor Sandra Prinsloo, kroonjuweel onder lewende Suid-Afrikaanse aktrises. Reeds deur slegs die bykans finale teks van Annemarie te lees, kan 'n mens dit helder in jou geestesoog voorstel hoe die emosionele pendulum tussen skerpssinnige humor 'n traumatisiese realiteit gaan swaai.

"Nadat ons amper twee jaar lank met *Janneman* getoeroe het, sê ek vir Sandra dat ek wat sou wil gee om eendag saam met haar alleen op die verhoog te wees. Jy weet, *Janneman* was soos drie *one-woman shows*. Hier hét ons dit nou. Ons het lank gewag."

"By Aardklop het Sonja Gouws, een van die destydse direksielede, vertel dat haar man Rudolf verklaar het dat '*Janneman* een van die beste stukke was wat hy ooit gesien het'.

"Giep van Zyl, die produksieleier, het my eers drie maande gelede van *Soebatsfontein* vertel. Daar was toe nog sprake van verstellings aan die toneelstuk se einde wat nog geïmplimenteer moes word, maar soos hy staan, is dit 'n mooi stuk,' meen Franci.

Ons gesels oor *Soebatsfontein* wat ons albei gelees het. Ek vertel haar dat Annemarie se ekonomiese uitdrukking, soos min woorde wat baie sê, maar eintlik die dramatiese ontwikkeling antisipeer, my beïndruk het. Franci meld weer dat die intrige nie oorlaai is nie: "Daar is g'n gegil en 'n geskreeuery tussen die twee karakters nie".

Is dit die eerste keer dat jy met Philip Rademeyer, die regisseur van *Soebatsfontein* werk? "Ja, ek ken hom nie, maar hy's nog baie jonk en word reeds as een van die

golden boys in die bedryf beskou. Sandra Prinsloo sou haar nie ingelaat het met iemand wat sy nie ken of vertrou nie. My hart is baie bly, want so iets kom nie 'n tweede keer oor jou pad nie," glo Franci.

As sodanig sien ons haar maar bittermin op die verhoog, maar sy het 'n logiese en ook geografiese rede daarvoor: "Ons het te min teatermakers in Johannesburg. Hennie van Greunen en Deon Opperman werk met my, maar Deon is klaar met die verhoog. Hy maak sepies en rolprente. Die meeste van ons hierbo het ons siële verkoop aan TV. Ek weet nie eintlik wat ek moet sê nie.

"Wat ek eintlik wil hê, is om in stukke te speel, dat Marthinus Basson iets hier sal kom doen, maar intussen werk ek vir kykNET, betaal 'n duisend rand maandeliks vir my TV-subskripsie met driehonderd plus kanale... maar daar is niks; dis 'n jammerte."

Tog werk hierdie TV-vrouw graag aan spesifieke projekte, soos *Op die kassie* wat sy reeds vier jaar aanbied en die geskiedenis van ons TV-verhaal. Vir haar is dié reeks 'n plesier.

Franci is nie baie vlieend oor die vermoëns van die jongergeslagspelers nie. Sy praat uit haar eie ervaring aangesien sy die betrekking as dialoogafriger by *Getroud met rugby vul*. "Hulle is net 'n generasie jonger as ons, maar hulle weet niks van idiome en dies meer nie. Ek moet gereeld hulp van buite af kry en sommiges van hulle wat dit vir my doen, is ware troopers," vertel sy.

Wat *Soebatsfontein* betref, glo Franci vas dat sy sukses omtrent verseker sal wees deurdat haar goede vriendin Sandra Prinsloo saam met haar die verhoog deel, maar veral ook omdat die stuk self "jou in die maag slaat".



Franci Swanepoel.

Getalle wat saak maak by jou gunstelingfees

750

Oor die 700 neonligte skyn op die feesgangers se doen en late

45 000

45 000 meter elektriese kabels word gespan

28 000

Ongeveer 28 000 aartappels word tydens die fees by die onderskeie stalletjies gebruik

24

Dit kos R24 miljoen om die fees aan te bied



150 000

Soveel plastiekglase word gedurende die fees gebruik

40 000

Die aantal mini-doughnuts wat jaarliks verkoop word

3 900

Sodat almal draai kan loop, word amper 4 000 rolle toiletpapier gebruik



TOTAL REINFORCING SOLUTIONS

to construction, civil, mining and engineering markets, including the supply, cut, bend, delivery and wiring into position of steel reinforcing

PROUD SUPPLIERS OF:

- Reinforcing steel
- Reinforcing mesh
- Angle iron
- Round tube
- Square bar
- Square tube
- Fixing of steel
- HR sheets & plates
- CR sheets
- BRC -Thru Fence
- Brick force
- Window sections
- USB green
- Structural steel



#RSC


5 Meidlinger Street, Industrial Site, Nelspruit

Tel: 013-753-2141/2

nelspruit@rsh.co.za / www.rsh.co.za



Pranas Domsaites (1880-1965).



Stefan Amperberg, een van die ouer meesters op die uitstalling se skildery: Droë landskap.



Louisette en Carel le Roux.


Uitstalling van landskappe is 'n

Marius Bakkes

Ek dink Johan Myburg, die nuwe visuelekunskurator van Innibus het meer aangebly as wat hy wou, toe hy die feesdireksie 'n oorsigtelike Suid-Afrikaanse landskapuitstalling beloof het. Die eindproduuk is egter 'n visuele fees van kuns in eie reg; 'n uitstalling wat ook vir die minder geoefende oog groot plesier sal verskaf.

So deeglik het Myburg in sy doel geslaag dat dit 'n leerskool in die kleine is. Hierdie uitstalling is gewis iets wat enigeen wat goeie Suid-Afrikaanse kuns waardeer, of graag sou wou ervaar, moet kom omloop. Elke weekdag om 11:00 doen Myburg ook 'n begeleiding om elkeen die kans te gee om die kundigheid van hierdie mededeelsame Johannesburgse kunstresensent persoonlik te beleef.

Dit bly 'n seleksie en wil hoegenaamd nie voorgee om omvattend te wees nie



Myburg noem in sy uitstellingsnotas dat hoewel werke uit verskillende registers getrek is, bly dit 'n seleksie en wil dit hoegenaamd nie voorgee om verteenwoordigend of omvattend te wees nie. Daar is wel die toegewing dat die medium op uitstalling beperk is tot olie en akryl op doek of op bord, dus die "tradisionele" landskapskildery.

As konteks en vertrekpunt word die werk van enkele ouer "meesters van die landskap" ingesluit, maar die

fokus van die uitstalling is op hedendaagse kunstenaars wat grotendeels of minstens beduidend in dié genre werk, of op enkeles wat met 'n aweregse aanslag op die landskap kom. Die name van die hedendaagse kunstenaars wie se werk ingesluit is, is Andries Bezuidenhout, Olaf Bisschoff, Heidi Fourie, Pauline Gutter, Andrew Hamlet, MJ


Lourens, Clare Menck, Nhlapo Nhlanhla, Willem Pretorius, Henk Serfontein en Jaco van Schalkwyk.

Maar vir my was die goeie hoeveelheid werke van die ouer kunstenaars wat hier gehang is, 'n aangename verrassing. Met die deurstap sien ek onverwags 'n Battis. Dié sal sy man staan teen die jongeres! Dan is daar 'n Ampenberger, 'n Thinus de Jong. Myburg wys my 'n Domsaites - en onder die lateres 'n Mel Biggs en 'n lieflike klein André Naudé. Kieth Alexander is nie my gunsteling nie, maar belangrik om ook hier verteenwoordig te wees.


Die verlies aan 'n Henk Pierneef en 'n Walter Meyer - wat ek in elk geval nie hier verwag het nie - is skielik weer jammer. Maar aan die ander kant, mens kan ook net soveel vermag, en na sy onlangse dood hou die versameelaars vas aan hulle Meyers, verduidelik Myburg. Nie eers vir dieleen vir so 'n deeglike uitstalling nie. Ook is daar geen Sumners of 'n Nico Roos nie. Dink net hoe so 'n uitstalling in die Laeveld sou baat by 'n Bertha Everard op bruikleen - maar nou raak ek heeltemal te gulsig!



Christelle Webb-Joubert en Nita Cronjé.




Carl Pienaar.



Karoolandskappe: 'n Speelse Batiss.



'n Vroeë Thinus de Jong op dieselfde paneel uitgestal as dié van Willem Pretorius.



Willem Pretorius.



André Naudé.

onderrig in die kuns

Onder die jongeres se werk op die uitstalling is daar heelwat individualisme - maar al is hy afwesig, is die invloed van Walter Meyer se werk opmerklik - selfs meer so onder hierdie groep jonger kunstenaars as wat hier gesien kan word.

My gunsteling onder hulle is Henk Serfontein - soms dink ek tegnies beter as Walter Meyer - maar dan mis ek weer daai roekeloze kwashale van Meyer. Soos Elsa Miles eenkeer in 'n resensie gesê het, "Elke kwashaal is 'n enkele timbre waarmee hy 'n hele gelykenis uitbeeld." Van dié wat ook na my mening tematiese en soms tegniese volgelinge van Meyer is en ook hier te siene is, is Willem Pretorius, Andrew Hamlet en Andries Bezuidenhout - wat ek reken die minste geslaagd is.

Dis ook nie sonder rede dat Myburg die latere gewilde formule-tipe kuns van Thinus de Jong hier saam met die een van Willem Pretorius op een gallerypaneel hang nie. Die uitstalling vra vir die tref van vergelykings en die aandui en besef van die ewige ontwikkeling op die gebied van die beeldende kuns. Moet dit beslis nie misloop nie.



Shan-Rich en Felicia Lemmer.



Kobus Burger en Tumelo Machogo.



Persoonlike gunsteling deur Henk Serfontein.



HATFIELD PRETORIA

WALKING DISTANCE FROM TUKKIES / LC DEVILLIERS CAMPUS / GAUTRAIN AND CENTRAL HATFIELD
STATE OF THE ART SECURITY / BIOMETRIC ACCESS
ON SITE RESTAURANT / LAUNDRY / CLEANING SERVICES

SMS NAME AND NUMBER TO
082-373-8620
082-416-2514
OR EMAIL
CZP@CZP.CO.ZA






duncan court RIETVALLEI
TRENDY LIVING MANOR

RIETVALLEI MANOR PRETORIA EAST

46 EXCLUSIVE UNITS - DOUBLE & SINGLE STOREY
CONVENIENT ACCESS TO R21 / N1 (avoiding traffic)
BUILT ACCORDING TO PURCHASER SPECIFICATION





Al die sterre is stééds Innibos



Van toeka tot nou
Kan jy dit glo? Innibos vier vanjaar sy 15de bestaansjaar.
Die heel eerste Innibos in 2004 se tema was *Al die sterre is innibos*. Loer na elke jaar se tema tot en met 2018.

Bemarkingsbestuuder van Innibos, Sandra Jacobs vertel hier en daar die storie agter die tema.

2003 - Al die sterre is innibos
Ons wóú 'n *statement* gemaak het. Van Suid-Afrika se ster-kunstenaars was daardie jaar by Innibos betrokke.

2004 - Die koers loop hoog
Ons glo dat een van die redes waarom ons feesgangers van regoor die land lok, is die Laeveld se warm weer, maar Innibos het warm kunstenaars.

2009 - Die kunste raak groen in 2009
Ons het 'n groot herwinningsprojek gedryf. Die hele Innibospan het groen aangetrek. Chris Chameleon is as die hooffoto vir die tema gebruik. Waarom? 'n Verkleurmannetjie is groen. 'n Bemarkingsvideo van Chris met 'n verkleurmannetjie is gemaak: soos Chris na die diertjie kyk, word hy al hoe groener.



2012 - Die kat se snor
Hierdie jaar het Innibos sy negende verjaarsdag gevier - en hoe gepas? 'n Kat het nege lewens.

2010 - Dis 'n storie
'n Dekade later. Ons het 'n storie om te vertel. Dit was 10 wonderlike jare.

2017 - #droomgroot
Soveel drome het waar geword. Ons het 13 drome daardie jaar verwesenlik - van 'n kind wat ons met 'n prostese gehelp tot 'n geskenkbewys vir 'n *facial* vir 'n bejaarde dame wat nog nooit só bederf is nie.

2018 - Dis hoe ons rol...
Want dit is hóé Innibos se span rol. En dit is hoe ons gekom het waar ons vandag is. Ons wil die rooi tapty vir ons sterre uitrol en akteurs speel ook 'n groot "rol" by die fees.

LAEVELD NASIONALE KUNSTFEES - MBOMBELA





FEESGIDS 2018

www.innibos.co.za | 013 741 5294 | kaartjies by computicket



Standard Bank KykNET e-tickets jacaranda fm Lowvelder



Dié krullebol sit die ‘skerp’ in ‘skerpskerts’

Paul Boekkooi

Snorseun, deur Schalk Bezuidenhout
Met: Schalk Bezuidenhout
Regie: Schalk Bezuidenhout

Vir die meeste kunstenaars verteenwoordig hulle beeld na buite alles. Jy moet net herkenbaar wees, dan is dinge beslis reeds oukei. Jou *image* moet ook net nie bots met iemand anders s'n nie, want sou dit gebeur, *slip 'n slide* jy vinnig ondertoe op die ranglys. En niemand wil óóit dáár beland nie...

Die kans is maar min dat dit met Schalk Bezuidenhout sal gebeur, want hy is op die einde van die dag immers een van Kempton Park se bekendste uitvoerprodukte. So ampertjies het Charlize Theron vir Schalk die loef afgestek, maar sy is van Benoni - gelukkig aan die anderkant van OR Tambo-lughawe se aanloopbaan. En as 'n mens statistiek durf glo, word daar in Kempton minder geskiet as in Benoni.

Krullebol Schalk met sy kleurryke ontwerperstruitjies wat hy self sê vir hom mooi is omdat hulle anders lyk as sê maar die *Pep Stores specials*, het intussen sy eerste boek in samewerking met sy vervaardiger, Erns Grundling, gepubliseer. Dit dra dan ook die gepaste naam *Truitjie roer my nie*.

Sy eenmanvertoning by Innibos, *Snorseun*, is 'n lekker oesjaarproduksie en is so effens soeter en sagter op die tong as een van sy voriges wat ek, as ek reg onthou, 'n ruk gelede by Woordfees ervaar het. Maar 'n ware *softy* sal hy nooit word nie. En hoewel hy sê wat gesê moet word, is dit veral sy gehoor se reaksies wat hom in 'n ander rigting stuur.

Toetoe hy afgelope Donderdagaand sy



Schalk Bezuidenhout.

tweede vertoning daarvan in Pretoria se Atterbury-teater lewer, toe vra hy nadat hy kort tevore uitgegewei het oor sy jeug in sy tuisdorp, sy vriende en ouers wat daar woon, waar die gehoor vandaan kom. Toe een man Waterkloof skree en Schalk daarop reageer

deur net die Waterkloof-vier te noem, het daar 'n aanvoelbare skok deur die teater getrek. Omrent elke paartjie teenwoordig het mekaar met verbasing in die oë gekyk.

Nou reeds begryp 'n mens waarom hy as komedian én kommentator genoeg ervaring

Hierdie snorseun sê soveel meer as wat bloot net gesê kon word, of jy nou daarvan hou of nie

besit om 'n wêreldfiguur soos ons eie Trevor Noah se voorprogram te vul, sonder dat enigiemand ooit sal durf protesteer.

Bezuidenhout

spreek

regstreeks

ons eietydse

Z-generasie

se verteen-

woordigers

aan wat heeltemal

anders grootgeword

het as al die vorige generasies. Hulle

menings is des te meer geldig en bo verdenking as baie ouer geslagte s'n wat die dwangbuise wat op hulle afgedwing is, selfs nou nog probeer verwerk.

Hierdie snorseun sê soveel meer as wat bloot net gesê kon word. Hy verteenwoordig en verwoerd die stem van die toekoms, of jy nou daarvan hou of nie.

Hy het deur sy meerderheid lekker vertellings, beskouings, impulsiewe reaksies en loslittige verbale syspronge merendeels oortuig.

Tog moet hy bedag daarop wees dat hy as alleenstaande komedian, soos by sy onlangse optrede in Pretoria, baie maklik sy gehoor stadig maar seker kan begin verloor. Dit het so ná die eerste 20 minute begin gebeur vanweë die aanvanklike wegspringtempo wat hy moeilik kon volhou. Dit word daarna 'n komplekse taak om die eens gedrewen geestigheid te herstel.

Talent is daar in oorvloed en, wie weet, dalk bring Innibos en Mbombela die heel beste in Bezuidenhout na vore.

- Saterdag 30 Junie om 15:00 by Lowveld High School. Geen o/14. Tydsduur: 80 minute. Prys: R132.

Wie sê pret hoort nie om tafel nie

Wat kry jy as jy top-sjef Mareli Visser, Kevin Leo, Rocco de Villiers, Neels van Jaarsveld en 'n halfdosyn ander verrassings in een resep saamvoeg? Die Innibos Verrassingsete, natuurlik!

Dit is 'n driegangmaaltyd wat jy nog lank sal onthou, want daar is mos 'n sekere betowering in die onverwagse.



Mareli Visser.

Wanneer: Vrydag 29 Junie

Waar: Bateleur Landgoed

Tyd: 18:00

Koste: Kaartjies kos R352 en sluit topvermaak plus 'n heerlike ete met wyn in.

Bespreek by Computicket.



Neels van Jaarsveld.

12. 20 jaar

13. Tweede

14. Snorseun

15. Mbombela Golfklub

Hoe goed ken jy jou kunstenaars?

(Van onder, links na regs)
Snotkop, Schalk Bezuidenhout, Robbie Wessels, Lizz Meiring, Lianie May, Kurt Darren, Riana Nel, Karlien van Jaarsveld, Geraldine Scholtz, Elandré, Jo Black, Juanita du Plessis, Ampie.

Kom proe gratis koeksisters en stem vir jou Hulett's Koeksister Kampioen 2018!

Daagliks vanaf 1 - 4nm



Taste & Vote



f www.hulettsugar.co.za

Hulett's
MORE THAN
125
YEARS OF SWEETNESS



PROGRAM - WOENSDAG 27 JUNIE 2018

07:30	RSG Monitor Regstreekse uitsending	ATKV-Boeke-oase	30 minute	Gratis
09:00	Winter Wonderland	I'Langa Mall Ice Rink	40 minute	R82
10:00	Uit die bloue	Nelspruit Stadsteater	90 minute	R142
10:00	Boekgesprek: Gerda Taljaard	ATKV-Boeke-oase by NHS	60 minute	R32
10:00	Soebatsfontein	Laerskool Nelspruit	65 minute	R142
10:00	Antie Pohl	Laerskool Bergland	70 minute	R142
10:00	Innibos Kuns-in-beweging-parade	Strate van Mbombela	120 minute	Gratis
10:00	Nêrens, Noordkaap	Laerskool Laeveld	75 minute	R142
11:00	Kinder Storie-krôl	ATKV-Boeke-oase by NHS	60 minute	R82
11:00	Kunsrondeleiding deur Johan Myburg	Nelspruit Burgersentrum	60 minute	Gratis
11:00	Dis 'n Weskusding	Cell C Boma-kuierteater	40 minute	Gratis*
11:00	David Dee	Spar Woelwaters	30 minute	Gratis*
11:00	RSG Skrywers & Boeke Regstreeks	ATKV-Boeke-oase by NHS	60 minute	Gratis
11:00	O Shucks...it's Schuster	kykNET Bosbioskop Feesterrein	90 minute	Gratis*
11:30	Aspire Kunsfilmvertoning	ATKV-Boeke-oase by NHS	60 minute	Gratis
12:00	Los asseblief 'n boodskap	Cell C Boma-kuierteater	40 minute	Gratis*
12:00	Spar Aktiwiteite	Spar Woelwaters	30 minute	Gratis*
13:00	ClemenGold Gin-proe	ATKV-Boeke-oase by NHS	60 minute	R62
13:00	Kizzoo – My nuwe wêreld	Spar Woelwaters	30 minute	Gratis*
13:00	Wian Magician	Cell C Boma-kuierteater	40 minute	Gratis*
13:30	RSG Spektrum Regstreekse uitsending	ATKV-Boeke-oase by NHS	30 minute	Gratis
14:00	Kinder Storie-krôl	ATKV-Boeke-oase by NHS	60 minute	R82
14:00	Langsaan	kykNET Bosbioskop Feesterrein	12 minute	Gratis*
14:15	Luister	kykNET Bosbioskop Feesterrein	12 minute	Gratis*
14:00	Drie van die Bestes – 20 jaar later	NHS se auditorium	90 minute	R142
14:00	Kwêla-gesprekke met Hannes van Wyk	Cell C Boma-kuierteater	40 minute	Gratis*
14:00	Buster en Bella	Spar Woelwaters	30 minute	Gratis*
14:00	Aspire Kunswaardering	ATKV-Boeke-oase by NHS	60 minute	Gratis
14:45	Ek het jou gemaak	kykNET Bosbioskop Feesterrein	24 minute	Gratis*
15:00	Huletts Koeksisterkompetisie	kykNET-Leefverhoog Feesterrein	45 minute	Gratis*
15:00	Stok	Cell C Boma-kuierteater	40 minute	Gratis*
15:00	Media24 Gespreksreeks – Kriptogeld	ATKV-Boeke-oase	60 minute	Gratis
15:00	3 Susters	Laerskool Laeveld	90 minute	R142
15:00	Koning Karel Skilpad	Spar Woelwaters	30 minute	Gratis*
15:30	Vossie vergas homself	kykNET Bosbioskop Feesterrein	24 minute	Gratis*
16:00	Op my eish! – Neels van Jaarsveld	Cell C Boma-kuierteater	40 minute	Gratis*
16:00	Huletts Kolwyntjiepret	Spar Woelwaters	30 minute	Gratis*
16:00	Voor ek val	kykNET Bosbioskop Feesterrein	12 minute	Gratis*
16:30	Vuil Wasgoed	kykNET Bosbioskop Feesterrein	100 minute	Gratis*
17:00	Die draak en die nar	Spar Woelwaters	30 minute	Gratis*
17:00	Wie's jou pappa? – Hannes Brümmer	Cell C Boma-kuierteater	40 minute	Gratis*
18:00	Die reuk van appels	Laerskool Nelspruit	90 minute	R142
18:00	Huisgenoot Afskopkonsert	Standard Bank-verhoog	240 minute	Hektoegang
		Feesterrein		
18:00	My man se skelmpie se skelmpie se vrou	Lowveld High School	130 minute	R152
18:00	Mike en Mavis	Laerskool Bergland	60 minute	R142
18:00	Storievuur	ATKV-Boeke-oase by NHS	120 minute	R102
19:00	Laurika Rauch met Loki Rothman	NHS se auditorium	80 minute	R142
19:00	Kleedkamer Blues	Nelspruit Stadsteater	120 minute	R142



**30 AUGUST
- 1 SEPTEMBER
2018**
MBOMBELA STADIUM

AGRICULTURE & WILDLIFE | ENERGY FORESTRY | MINING | TOURISM & OUTDOOR

FEATURING

4x4 Course and Exhibit

Carnival Parade

Amusement Park

Archery Hunting and
Outdoors

Livestock Exhibit

Motorbike Stunt Shows

Strong Man

Wrestling

Rugby Match

Pumas vs WP

Musical Concerts

Country and Western
Evening

National Wood Carving

Competition

Art @ the Stadium and

Wine Garden

Food stalls and Beer tents

Farmers Arena

WILDLIFE ON SHOW

Birds of Prey

Wildlife Talks

Crocodile Dunk Tank

Camel Rides

Chickens

Flight Pigeons

Goats and Sheep

Milking Shed

400 Exhibitors and more

ENTERTAINMENT

Campbells

Allan Ladd

Wynand & Cheree

Long John

Dr. Victor

Nicholis Louw

Emo

Refentse

Jay

Lianie May

COMPETITIONS NEW EXPERIENCES

013- 753- 3622 www.mpushow.com yolande@mpushow.com



Standard Bank

CITY OF MBOMBELA
THE ULTIMATE DESTINATION

RM-419542NC